## 26 April Lukas 24:13-35

### *Die Woord wat harte warm maak*

Opnames onder baie lidmate toon dat huisgodsdiens in baie huise nie meer plaasvind nie. Daar is al hoe meer 'n gebrek aan Bybelkennis onder jongmense in die algemeen. Die feit dat u die dagstukkie lees plaas u outomaties nie onder dié groep mense nie. Het u opgemerk hoe belangrik Jesus die Skrifte beskou? In sy optrede met die Emmaüsgangers wys Hy, die Woord wat vlees geword het, hoe belangrik Bybelkennis is (vers 27). Die Emmaüsgangers is verward. Hulle weet Jesus is gekruisig, maar daar is berigte dat Hy lewe. Sonder dat hulle Hom herken, stap Jesus saam met hulle. Om hulle te oortuig dat Hy die Christus is, bewys Hy uit die Skrif (Ou Testament) dat Hy die beloofde Messias is (vers 27). In die harte van die Emmaüsgangers gebeur iets: Hulle harte word warm toe Hy met hulle gepraat en vir hulle die Skrifte uitgelê het (vers 32). Hulle ontvang troos uit die Woord. Alles is beslis nie verlore nie!

Dit beklemtoon weer hoe noodsaaklik dit is om Bybel te lees, om gereeld die prediking te hoor, tyd af te sonder vir Bybelstudie, huisgodsdiens en persoonlike Bybellees. Dit is juis in dié tye dat God met ons praat, dat ons harte weer warm word van die liefde van Jesus wat die dood oorwin het. Dit is juis tye waarin ons verward is en antwoorde soek dat die omgang met die Woord van God ons weer troos en moed gee om die toekoms in te gaan. Dit is juis die Woord wat verkondig: Moenie die toekoms vrees nie, God is steeds daar.

Sing: Psalm 33:5 Ds. RA. Coetzee (Suidkus)